besig was om af te wyk van die verklaring wat hy tevore aan die polisie gemaak het. Gaandeweg het dit egter geblyk dat die getuie hom by sy verklaring aan die polisie hou, maar dat daar 'n misverstand tussen die getuie en die tolk ingesluip het. Die getuie het alles bevestig wat hy in sy verklaring aan die polisie gese het. Die hof se indruk is dat hierdie getuie 'n sterk persoonlikheid het: dat hy uiters beslis is en dat hy hom geensins deur enige oorweging sal laat beïnvloed om nie die waarheid te getuig nie, met ander woorde om te getuig wat onwaar is. Nie alleenlik is hy 'n predikant nie, maar hy is ook 'n lid van die Black Parents' Association, die B.P.A. As sulks bestempel hy homself as 'n skakel tussen die studente en die owerheid. Sy besorgdheid jeens die beskuldigde word openbaar deurdat, nadat hy getuig het en waargeneem het dat die beskuldigde nie oor die dienste van 'n raadsman beskik nie, het hy onmiddellik heelwat moeite gedoen om reëlings te tref dat die beskuldigde regsverteenwoordiging verkry. Hierdie optrede is in ooreenstemming met die feit dat hy lid is van die B.P.A. en dat sy gesindheid teenoor die beskuldigde van so 'n aard is dat hy haar nouliks ten koste vandie waarheid by so 'n ernstige aangeleentheid sal betrek.

Die strekking van Lekgotlo se getuienis is dat die beskuldigde hom genader het, laat blyk het dat sy wil weggaan en dat sy hulp nodig het om dit te doen. Die beskuldigde het ook laat blyk dat sy griewe teen haar vader, wat terloops 'n polisiebeampte is, en dat sy die land wil verlaat en militêre opleiding wil ondergaan om teen haar vader te veg. Beskuldigde sou ook gesê het dat sy nie meer met klippe wil baklei nie, maar met vuurwapens. Vervolgens getuig Lekgotlo dat ten tyde dat die beskuldigde hom met 'n versoek genader het, was daar ses seuns saam met die beskuldigde. Op 'n later geleentheid het die beskuldigde hom weer om hulp genader en gese dat die polisie soek na haar. Hy ontken dat die beskuldigde hom versoek het om met haar skoolhoof

te onderhandel, sodat daar toestemming aan haar verleen sal word om eksamen te skryf.

Uit hoofde daarvan dat die hof Lekgotlo se getuienis aanvaar, impliseer dit dat dit ernstig op die beskuldigde se geloofwaardigheid reflekteer. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die beskuldigde ses seuns met haar sal saamneem na Lekgotlo indien sy hom gaan spreek in verband met 'n aangeleentheid waarby slegs sy betrokke was, indien slegs so 'n aangeleentheid ter sprake was. Dit skyn geheel en al in ooreenstemming te wees met die weergawe van die staatsgetuies.

EPHRAIM BAHULA se getuienis was van 'n betreklik neutrale aard. Ooglopend was hy nie juis entoesiasties om getuienis af te lê nie. Hy is 'n middeljarige persoon, klein van postuur, met 'n misvormde boggelrug. Hierteenoor is die beskuldigde 21 jaar oud, was sy 'n skolier en is sy geset en fors gebou. Bewerings in verband met 'n liefdesverhouding tussen hierdie twee skyn effens vergesog te wees. Dit bly egter insiggewend dat Bahula inderdaad 'n gevangene op Robbeneiland was en dat, volgens hom, hy op drie geleenthede bedrae van R50,00 uit 'n onbekende bron ontvang het. Hy getuig dat hierdie fondse nie bedoel was om ander daarmee te help nie.

Dit is insigggewend dat selfs van die getuies wat nie saam met die beskuldigde na Bahula gegaan het nie, van die fonds kennis gedra het. Dit is aanduidend van die geloofwaardigheid van die staatsgetuies dat hulle van die beskuldigde in verband met die bestaan van die fondse verneem het en dat die moontlikheid ter sprake was dat dit aangewend kon word om persone te help om die land, wat die land wil verlaat, om militêre opleiding te ondergaan. Indien daar 'n liefdesverhouding tussen Bahula en die beskuldigde bestaan het, is dit eienaardig dat die beskuldigde, in weerwil van sy opdrag, dat sy alleen na hom moet kom, vir Rebecca Raseroka en Lehlohonolo daarheen saamneem. Dit is

moeilik om te begryp waarom die beskuldigde dan nou juis op so 'n ongeleë tydstip, dat Rebecca toevallig by haar besoek aflê, sou kies om na Bahula te gaan om hom daarvan te vertel dat sy planne het om na die buiteland te gaan en haar studies daar voort te sit. Dit is, veral in die lig daarvan dat dit op daardie stadium slegs 'n toekomsplan was, en sy nog nie besluit het wanneer sy dan in verband met haar studies na die buiteland gaan vertrek nie.

Die weergawe van die beskuldigde is dat Rebecca toevallig by haar besoek afgelê het en dat sy nie vir Rebecca kon sê om te gaan nie, maar haar uit beleefdheid na Bahula saamgeneem het. Eienaardig genoeg, toe hulle vir Lehlohonolo op pad raakloop, word hy ook saamgenooi. Beskuldigde het hierdie optrede van haar verduidelik deur te sê dat 'n mens ook foute moet hê.

Die geloofwaardigheid van die beskuldigde se getuienis word ongetwyfeld ook hierdeur aangetas. Die onwaarskynlikheid van die beskuldigde se weergawe neem toe, in die lig daarvan dat die beskuldigde getuig dat sy en Bahula reeds gedurende 1975 hierdie plan om in die buiteland te gaan studeer, bespreek het.

Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat die getuienis van die verskillende staatsgetuies nie bo alle kritiek verhef is nie. Volgens Herman Ntlatleng het Lucas Nchabaleng geweier om enige iets met die beskuldigde se voorgestelde, se voorstelle betreffende militêre opleiding te doen te hê. Volgens Lucas het hy inderdaad met die beskuldigde se planne ingestem en was hy gewillig om vir militêre opleiding te gaan. Hierteenoor getuig Frans Modiba dat hy nie vir beskuldigde se planne te vinde was nie. Hierdie weergawe skyn weer in ooreenstemming te wees met Ntlatleng se getuienis dat toe hy en ander op pad was na Mamelodi Hoërskool om die vergadering op uitnodiging van die beskuldigde by te woon, het Frans Modiba hulle by die uitdraaipad verlaat en na sy huis gegaan. Nelson Mamabolo maak geen gewag van Modiba se teenwoordigheid by die Mamelodi Hoërskool nie.

Dit is ten tyde dat Ntlatleng en Nchabaleng daar aangekom het om die vergadering by te woon. Dit skyn dus dat Ntlatleng hom in hierdie opsig misgis. Die hof is egter van oordeel dat dit nie aanleiding tot ernstige bedenkinge in verband met Ntlatleng of Frans se geloofwaardigheid kan gee nie.

Daar is ook nie algehele eenstemmigheid in verband met die wyse waarop Ntlatleng en Nchabaleng vir Nelson Mamabolo uit die klaskamer geroep het nie. Dit is by die Mamelodi Hoërskool en dit is op die geleentheid toe hulle daarheen gegaan het op uitnodiging van die beskuldigde om 'n studentevergadering te gaan bywoon.

Mamabolo getuig dat hulle hom deur die klaskamer se venster geroep het en maak nie daarvan melding, soos die ander twee, getuig het, dat hulle gefluit het om sy aandag te trek nie.

Die getuienis van die staatsgetuies is ook nie heeltemal duidelik in verband met presies wat die beskuldigde op verskillende geleenthede aan die onderskeie getuies sou gesê het nie.

Dit geld eweneens vir die volgorde waarin die beskuldigde sekere dinge sou gesê het. Gevolglik het die indruk ontstaan dat die getuies soms mekaar in 'n mate weerspreek. As voorbeeld kan genoem word dat die een getuie die indruk geskep het dat reeds van die begin van sy onderhandelinge met die beskuldigde het sy laat blyk dat die polisie op haar spoor is en dat sy Lekgotlo en Bahula om hulp wou nader om die Republiek van Suid-Afrika te verlaat.

Die hof is van oordeel dat hierdie verskynsel eerder te wyte is aan die wyse waarop die getuienis aangebied is en dat dit geensins op weersprekings neerkom nie.

In sy geheel gesien, staaf die staatsgetuies mekaar onderling in verband met dit wat wesenlik is en dat die beskuldigde inderdaad die persoon is wat hulle genader het en hulle uitgelok, aangestig, aangeraai, aangemoedig en/of verkry het om vir

militêre opleiding te gaan.

Danksy die feit dat die getuies met wie die beskuldigde onderhandel het, dat hulle vir militêre opleiding sal gaan, nie almal skoliere by dieselfde skool was nie en dat hulle onafhanklik van mekaar staan, is die hof van oordeel dat dit as verdere oorweging geld wat daarop dui dat die beskuldigde nie valslik by die skema van militêre opleiding betrek word nie.

Rebecca sowel as Lehlohonolo het getuig dat toe hulle van beskuldigde se arrestasie verneem, het hulle gevlug en gaan wegkruip. Hierdie optrede is in ooreenstemming daarmee dat hulle besef het dat daar vir hulle probleme mag skuil in die arrestasie van die beskuldigde. 'n Mens sou nouliks so 'n reaksie verwag indien hulle met 'n ander persoon of persone sulke planne in die mou gevoer het.

Beskuldigde se weergawe kom verder daarop neer dat die staatsgetuies nie geloofwaardig is nie en dat sy nooit enige melding van militêre opleiding teenoor hulle gemaak het nie. Ofskoon sy nie persoonlik daarvan kennis dra nie, is dit haar standpunt dat die polisie die getuies verkry het om valslik teen haar te getuig. Terloops, sy beweer ook dat Lekgotlo is ook deur die polisie hiertoe beïnvloed en in die lig van wat die hof te sê gehad het in verband met hom as persoon, is so 'n bewering volgens die oordeel van die hof, vergesog.

Die beskuldigde het 'n swak indruk as getuie geskep. Sy het dik els probeer om vrae te ontwyk, soms was sy aggressief en het sy vrae aan die staatsaanklaer gestel en hom daarvan beskuldig dat hy haar net wil vastrek.

Toe die beskuldigde ondervra is in verband met haar redes vir deelname in die onluste, en of daar persone is wat ontevrede is, het die beskuldigde herhaaldeik geantwoord met die nouliks relevante uitdrukking van: "Mob Psychology". Die beskuldigde

het opmerklik gehuiwer voor vrae betreffende haar betrokkenheid met die onluste. Later het sy egter erken dat sy ook daaraan deelgeneem het en dat sy daarvoor verantwoordelik was dat hulle skool se hek gesluit is. Toe sy omtrent haar redes vir hierdie optrede ondervra is, was die beskuldigde opsetlik ontwykend.

In die lig van die beskuldigde se deelname aan die onluste, is dit moeilik om haar getuienis te aanvaar dat die feit dat die polisie die onluste onderdruk het, haar koudgelaat het. Dit gee aanleiding tot die vraag of haar sg. onverskilligheid nie dalk verband hou met 'n poging om die hof te laat verstaan dat sy nie daarvoor te vinde sal wees om militêre opleiding te ondergaan met die oog daarop om polisie-optrede teë te staan. In hierdie opsig het die beskuldigde se getuienis geensins oortuig nie.

Die beskuldigde ontken dat sy die studenteraadsvergadering by Mamelodi Hoërskool bygewoon het en dat hulle in Rebecca Raseroka se klaskamer bymekaar gekom het, asook dat dit die geleentheid is dat sy vir Ntlatleng en Nchabaleng aan Raseroka bekendgestel het.

Tydens kruisondervraging van hierdie getuies het die beskuldigde nie die getuienis van hierdie drie getuies in verband met hierdie aspek bevraagteken nie. Gesien die geleentheid waarmee die bekendstelling verband hou, sou 'n mens as natuurlike reaksie verwag dat die beskuldigde hulle daaromtrent ondervra. Dit is insiggewend dat, indien die beskuldigde 'n paspoort wou bekom om saam met haar vader by haar ouma in Lesotho besoek af te lê sy in haar aansoek meld dat sy by 'n oom gaan besoek af lê en dat sy verder in haar aansoek daarvan melding maak dat sy voornemens is om ook na Swaziland, Botswana, Malawi en Rhodesië te reis. (Sien BEWYSSTUK A, bl. 3, vraag 1). Dit is seer sekerlik nie blote toeval dat die beskuldigde om 'n paspoort sou aansoek doen omstreeks die tydstip toe sy vir Lekgotlo genader het in verband met hulp om die land te verlaat nie.

By die samehang van die getuienis blyk dit dat dit ook omstreeks die tydstip was dat die beskuldigde teenoor die staatsgetuies daarvan gewag gemaak het dat sy na haar vriendin, Miriam Ralefale, se tuiste in Botswana sou gaan en van daar reëlings tref dat diegene wat vir militêre opleiding na Tanzanië gaan, daarheen vervoer word. In die aansoek om 'n paspoort gee die beskuldigde te kenne dat sy o.a. van voorneme is om na Swaziland te reis. Dit, op sy beurt, is versoenbaar met die bewerings van die staatsgetuies dat die beskuldigde die moontlikheid geopper het dat die onderwyser, Steve Nkosi, hulle kon help om die Republiek van Suid-Afrika deur Swaziland te verlaat. Die beskuldigde het getuig dat die polisie haar op 'n stadium as staatsgetuie teen Steve Nkosi wou gebruik. Hulle sou haar dan voorgesê het welke bewerings sy in haar getuienis teen hom moes maak.

By verdere kruisondervraging getuig die beskuldigde dat die waarheid is dat daar nie aan haar voorgesê is nie. Op haar eie weergawe het die beskuldigde geen onderhandelings met Nkosi gehad nie. In hierdie omstandighede sou dit onsinnig wees om die beskuldigde as getuie teen Nkosi te gebruik. Hierdie weergawe is so inherent onwaarskynlik dat dit nie redelik moontlik waar kan wees nie en dit word verwerp.

Op die totaliteit van die getuienis bevind die hof dat die afleiding geregverdig is dat gesien die beskuldigde se deelname aan die onluste gedurende 1976, haar gesindheid versoenbaar is met die wederstrewige houding jeens die handhawing van wet en orde deur die polisie en dat sy uit hoofde van hierdie houding, nie alleenlik bereidwillig was nie, maar dat sy ook haar voorneme te kenne gegee het om die Republiek van Suid-Afrika te verlaat en sodoende 'n geleentheid te vind om vir militêre opleiding te gaan; dat met die oog op die uitvoering van hierdie doel, het die beskuldigde ander persone aangestig, aangemoedig en/of aangeraai om die Republie van Suid-Afrika te verlaat en om

militêre opleiding te ondergaan, met die oog daarop om dan terug te keer en dan die handhawing van wet en orde in die Republiek van Suid-Afrika in gevaar te stel.

Die feit dat die beskuldigde 'n paspoort bekom het en hulp van Lekgotlo probeer verkry het, regverdig die afleiding dat sy handelinge begaan het wat gerig was op die uitvoering van die doelstellings wat sy gehad het.

Dit volg dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf wat haar ten laste gelê is EN WORD SY SKULDIG BEVIND SOOS AANGEKLA.

---

BESKULDIGDE HET GEEN VORIGE VEROORDELINGS NIE

HOF AAN BESKULDIGDE: Die beskuldigde het die geleentheid om die hof toe te spreek ter versagting van vonnis. Sy kan ook getuienis in verband daarmee aanbied. Sy kan dit op hierdie stadium doen as sy wil. As sy 'n versoek tot die hof wil rig om dit op 'n later stadium te doen, dan is die hof bereid om daaraan oorweging te skenk.

SAAK STAAN AF OM BESKULDIGDE DIE GELEENTHEID TE GEE OM MET HAAR SY WIL HAAR VADER EN MOEDER ROEP OM TE KOM GETUIG TER VERSAGTING VAN VONNIS:

SAAK STAAN AF

SAAK HERVAT

HOF AAN BESKULDIGDE: Beskuldigde, dit is aan u verduidelik dat by 'n skuldigbevinding van die oortreding van die bepalings van hierdie wet waarop u aangekla is en skuldig bevind is, word bepaal dat die vonnis wat opgelê moet word, strafbaar is met die strawwe wat vir die misdryf van hoogverraad bepaal word, met dien verstande dat behalwe waar die doodvonnis opgelê word, m.a.w. waar hy nie opgelê word nie, die oplegging van gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens vyf jaar verpligtend is, m.a.w. 'n minimum tydperk van vyf jaar gevangenisstraf is verpligtend.

BESKULDIGDE GEE TE KENNE DAT SY DIT VERSTAAN

<u>HOF</u>: Jy het nou die geleentheid om die hof toe te spreek in verband met vonnis, of wil jy getuienis aanbied in verband met vonnis?

<u>BESKULDIGDE WIL NIE GETUIES ROEP NIE. SY SPREEK DIE HOF TOE TER VERSAGTING VAN VONNIS. SY WIL EERS WEET OF DAAR 'N VERSKIL IS WANNEER SY PRAAT VAN WAAR SY STAAN OF WANNEER SY GETUIG</u>

<u>HOF</u>: Ja, daar is 'n verskil. Mnr. die Aanklaer, wat is u standpunt in verband met die aspek van vonnis?

<u>AANKLAER SPREEK HOF TOE</u>

<u>HOF</u>: Is daar enige aanduiding is van die Staatsaanklaer dat iets wat jy in die hof voordra nie vir hom aanvaarbaar is, die feite daarvan nie, dan kan jy miskien oorweeg om getuienis te gee, andersins kan jy maar sommer net daar voortgaan en die hof toespreek, sonder om die eed te neem. Daar is wel 'n verskil tussen getuienis en 'n betoog sonder dat jy die eed neem maar as uitgangspunt, sal ons vat dat ons aanvaar wat jy te sê het in verband met vonnis.

<u>BESKULDIGDE HET HAAR BETOOG GESKRYF IN ENGELS EN LEES DIT VOOR AAN DIE HOF</u>: The Court has found me guilty, I am pleading for mercy as (a) this is my first offence, that is the reason why I am asking for this mercy from the Magistrate and the Court. This offence was committed (accused speaking indistinctly, and interpreter readers further). (b) This offence was committed through my youth. It was easy to be influenced by any person of such experience. (c) Suspended sentence or part of the sentence to be suspended. (d) As I am a mother to a child who is still very small and needs my care. (e) Under the circumstances I feel I will not participate in such activities anymore. (f) My parents are depending on me and since my arrest their health have been very weak and they are unable to look after my child as a parent is supposed to do. (g) I intend to further my studies

I ask/..

I ask the Court to pardon me. If it is possible won't the Court impose a sentence that is a suspended sentence, I should serve it outside, that is a suspended sentence. I ask for the Court's pardon as well.

---

## SENTENCE

COURT: What the accused has had to tell the Court in connection with sentence is quite appropriate and true, the Court accepts that, and it is some consolation to the Court that apparently there is an undertone of contrition on the part of the accused.

The Court appreciates the position that she is still young and that she may have been influenced by others in setting herself upon the course to influence these people to go for military training.

This is an offence which is regarded by the lawmaker as a very serious one and hence it has made provision for this minimum sentence of five years imprisonment.

Having regard to all the considerations, the Court finds that there is no justification for imposing a sentence in excess of five years.

There is a request on the part of the accused that the sentence be suspended, but this cannot be done, because the lawmaker has provided that there is a minimum sentence in this case and in terms of the provisions of the law this Court is not entitled to suspend part of that sentence.

IN THESE CIRCUMSTANCES THE ACCUSED IS SENTENCED TO FIVE YEARS IMPRISONMENT.

## OORSKRYFSTER SE SERTIFIKAAT

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die voorafgaande 'n ware en juiste oorskrif is van die oorspronklike getuienis wat deur middel van 'n meganiese opvangtoestel opgeneem is in die saak van:

DIE STAAT teen CAESERINA MAKHOERE

OORSKRYFSTER: S. Rassauw

LUBBE OPNAMES (PRETORIA)

---

## TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

I, the undersigned, hereby certify that the aforegoing is a true and correct transcription of the mechanical recording in the matter of:

THE STATE versus

TRANSCRIBER:

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

**Collection Number: AD2021**

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.